

Darwin, Du Plessis, Dooie Seerolle en Demokrasie: Stroomversnellings in die Studie van die Ou Testament in Suid-Afrika (1859–2009)¹

IZAK J. J. SPANGENBERG (UNISA)

ABSTRACT

Darwin, Du Plessis, Dead Sea Scrolls and Democracy: four important events on the road of Old Testament research in South Africa (1859–2009)

*The Dutch Reformed Theological Seminary at Stellenbosch celebrated its 150th anniversary in 2009. This article takes a look at four important events on the road of the study of the Old Testament in South Africa during this period. The seminary was established in the same year in which Charles Darwin's book *The Origin of Species* was published (1859). Although there is no direct link between the two events, Darwin's theory of natural selection impacted on the Christian doctrines of creation and fall. The second event is the introduction of historical-critical study at the seminary and the dismissal of Johannes du Plessis who was professor during the late 1920s. The third event is the discovery of the Dead Sea Scrolls (1947–1956) and the impact which this had on the study of the Second Temple period and the idea that Christianity superseded Judaism. The fourth event is the establishment of a proper democracy in South Africa in 1994. The idea that Christianity in its Western dress is the supreme religion does not go unchallenged. Old Testament scholars in South Africa cannot ignore these important events. They need to acquaint theological students with these and assist them in creating a theology which is relevant to the needs of people living in our corner of the "global village."*

A INLEIDING

Die jaar 2009 is 'n interessante gedenkjaar. Johannes Calvyn (1509–1564) is vyfhonderd jaar gelede gebore; Charles Darwin (1809–1882) tweehonderd jaar gelede. Vanjaar vierhonderd jaar gelede het Galileo Galilei (1564–1642) die eerste keer sy selfgemaakte teleskoop na die planete gerig en dinge gesien wat geen menslike oog voorheen gesien het nie. Maar dis nie al nie. Charles Darwin se boek *The Origin of Species* is honderd en vyftig jaar gelede gepubliseer (1859) — presies dieselfde jaar waarin die Kweekskool op Stellenbosch tot

¹ 'n Verwerking van 'n lesing gelewer tydens die feesvieringe gedurende Junie 2009 op Stellenbosch.

stand gekom het en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gestig is. Voorwaar 'n interessante gedenkjaar.

Na my wete kan die stigting van die Kweekskool op Stellenbosch en die totstandkoming van die GKSA nie direk met Galileo Galileï en Charles Darwin verbind word nie — tog sou dié twee name nie onvermeld in die geskiedenis van Ou-Testamentiese navorsing bly nie. Daar is geleerdes wat Galileï verbind met die begin van die moderne wetenskaplike studie van die Ou Testament (vgl. Scholder 1990:64), terwyl ander weer meen dat Darwin se evolusieteorie Julius Wellhausen (1844–1918) se navorsing beïnvloed het (vgl. Deist 1976:34–38). Daar is egter nie van beïnvloeding sprake nie (Rogerson 1984:252–253). Beide geleerdes is deur die tydsgeses beïnvloed en het 'n goeie historiese bewussyn ontwikkel. Sonder só 'n bewussyn sou hulle waarskynlik nooit die insigte verwerf het wat tot hul onderskeie teorieë gelei het nie. Dis hierdie bewussyn wat tot 'n paradigmaverandering in sowel die biologiese as die Ou-Testamentiese wetenskap gelei het (vgl. Weinert 2009:93; Noll 1991:45). Hierdie verandering het tot gevolg gehad dat heelwat Ou-Testamentiese geleerdes teen die einde van die negentiende en die begin van die twintigste eeu as kettters gebrandmerk is. Johannes du Plessis is hiervan 'n voorbeeld, alhoewel hy nie in die eerste plek 'n Ou-Testamentikus was nie. Maar voor ons by dáárdie verhaal kom, moet ons by die begin begin — die oprigting van die Kweekskool op Stellenbosch in dieselfde jaar as dié een waarin Darwin se boek *The Origin of Species* gepubliseer is.

B CHARLES DARWIN (1809–1882)

Charles Darwin is op 12 Februarie 1809 in Shrewsbury in Engeland gebore. Hy het aanvanklik medies aan die Universiteit van Edinburgh in Skotland gestudeer (1825–1827) en in sy vrye tyd saam met Robert Jameson op geologiese uitstappies gegaan. Hy roep sy mediese studies egter vaarwel en gaan studeer teologie aan die Universiteit van Cambridge (1827–1831). Hier loop hy ook kursusse in botanie en geologie. Alle studente aan Cambridge was in daardie jare verplig om die boek *Natural Theology* van William Paley (1743–1805) te bestudeer. In hierdie boek het Paley ('n teoloog) geargumenteer dat 'n mens uit die fyn struktuur van die aarde, plante, diere en alle lewende dinge kon aflei dat daar wel 'n skeppergod moet wees (Ayala 2006:3–7). Die vergelyking wat hy gebruik het om sy idees mee oor te dra, was die een van 'n horlosie en 'n horlosiemaker. Enigeen wat die fyn ratwerk van 'n meganiese horlosie al gesien het, kan nie anders nie as om tot die gevolgtrekking te kom dat dit deur iemand gemaak moes gewees het. 'n Horlosie veronderstel 'n horlosiemaker (Bowler 2007:39; Weinert 2009:99). Al die ratte en vere binne 'n meganiese horlosie het nie maar per toeval byeengekom om 'n horlosie te vorm nie. Dit geld volgens Paley ook van komplekse organe soos die menslike oog. Dis so kundig en kunstig saamgestel dat 'n mens nie anders kan as om te konkludeer dat “iemand” dit ontwerp het nie. Hierdie “iemand” is die skeppergod. Paley se sie-

ninge kom ooreen met wat ons vandag as “Intelligent Design” (= intelligente ontwerp) ken.

Darwin was aanvanklik beïndruk met Paley se argumente, maar sy rondreis op die vlootskip *HMS Beagle* en sy lees van Charles Lyell (1797–1875) se boek *Principles of Geology* op die reis het sy sieninge verander (Bryson 2005:479–495). Lyell het geargumenteer dat die kontinente oor ’n lang periode deur geologiese kragte gevorm is. Verder het hy afskeid geneem van die idee wat op daardie stadium nog gangbaar was in geologiese kringe, naamlik dat daar eeue gelede ’n wêreldwye vloed was soos wat in Genesis 6–9 beskryf word.

Met sy terugkeer na Brittanje moes Darwin deur ’n magdom data wat hy versamel het, werk. Daar was onder andere die verskillende vinkspesies wat hy op die Galapagos-eilande teëgekom het. Darwin het by kwekers en telers gaan aanklop om te bepaal hoe hulle verskillende soorte van dieselfde blom of dier respektiewelik kweek en teel. Hy het spoedig besef dat as mense op ’n kunstmatige wyse kon selekteer, die natuur dit óók kon doen. Die begrippe “kunstmatige seleksie” en “natuurlike seleksie” is so gebore. Natuurlike seleksie hang saam met omgewingsveranderinge wat spesies dwing om aan te pas. Om die waarheid te sê, daar is net drie opsies vir spesies beskikbaar wanneer hul omgewing verander: (1) migrering, (2) aanpassing, of (3) uitsterwing.

Na vele jare van nadenke en ook korrespondensie met Alfred Wallace (1823–1913) by wie soortgelyke idees besig was om pos te vat, is sy boek *The Origin of Species by Means of Natural Selection, or the Preservation of Favoured Races in the Struggle for Life* op 24 November 1859 gepubliseer. Wallace moes tweede viool speel, maar hy het Darwin as sy meerdere erken en toegegee dat Darwin oor ’n langer periode met die saak gestoei en ook meer data bestudeer het. Wat wel interessant is, is dat Wallace bly glo het dat die mens sy verstand, denke en redeneervermoë nie langs die weg van natuurlike seleksie gekry het nie, maar langs die weg van goddelike ingrype (Weinert 2009:121, 132–133). Darwin, daarteenoor, het ander sienings gehuldig. Ook die menslike verstand en redeneervermoë is die produk van natuurlike seleksie. In die woorde van Weinert (2009:121): “If humans must trace their origins to earlier animal forms of life, then the emergence of both brains and mind must yield to evolutionary explanations.”

In sy boek *The Descent of Man and Selection in Relation to Sex* (1871) het Darwin sy teorie verder uitgewerk en beklemtoon dat die mens verwant is aan primate en dat hulle miljoene jare gelede ’n gesamentlike voorouer moes gehad het. Dit was ’n waagmoedige raaiskoot want geen ander mensfossiel behalwe dié van die Neanderdalmens was op daardie stadium beskikbaar om tot so ’n konklusie te kom nie (Stringer & Andrews 2005:124). Die eerste skedel van ’n Neanderdalmens is in 1856 naby Düsseldorf in Duitsland ontdek (Lockwood 2007:88).

Tydens Darwin se leeftyd het die deursnee Westerling geglo dat die aarde 4004 v.C. geskep is. Voorts dat al die plant- en dierespesies waarvan hulle geweet het oorspronklik só deur God geskep is. Die mens, so is geglo, was 'n aparte skepping en het los van die plant- en dierespesies gestaan (Bowler 2007:29).

Die idee dat die aarde in 4004 v.C. geskep is, het hulle van die Ierse biskop James Ussher (1581–1656) gekry. Hy het die geslagsregisters in die Bybel noukeurig bestudeer en allerlei wiskundige berekeninge gedoen voordat hy hierdie siening van hom bekend gemaak het. Dit het só waar en betroubaar gelyk dat hierdie datum sedert 1701 in die *Authorized Version* (ook bekend as die *King James Version*) van die Bybel opgeneem is (Gilmore 2000).

Die siening dat alle bestaande plant- en dierespesies oorspronklik só deur God geskep is, het Westerlinge as 't ware met moedersmelk ingekry. In Charles Darwin se eie woorde: “Until recently the great majority of naturalists believed that species were immutable productions, and had been separately created” (1894:xiii, 1952:1). Anne Primavesi (2000:39) vat dit só saam: “In the era after Aristotle and before Darwin, the fixity of species was a core belief.”

Met die stigting van die Kweekskool op Stellenbosch in die jaar 1859 het die teologiese dosente en studente hierdie twee oortuigings gedeel: (1) die skepping het 4004 v.C. plaasgevind, en (2) alle plant- en dierespesies is in hul onderskeie formate oorspronklik só deur God geskep. Voorts het hulle Genesis 1–3 as 'n historiese verhaal gelees en aanvaar dat daar letterlik en histories 'n sondeval was. Daar wás werklik 'n Adam en 'n Eva wat deur hul ongehoorsaamheid die ganse menslike geslag in sonde en ellende gedompel het. Dis deur hulle toedoen dat mense steeds sterf. Paulus hou immers die dood voor as God se straf op sonde (vgl. Rom 5:12, 6:23; 1 Kor 15:21) en die opstellers van die *Drie Formuliere van Eenheid* onderskryf hierdie siening (vgl. die *Nederlandse Geloofsbelijdenis*: artikels 15 & 17; die *Heidelbergse Kategismus*: Sondag 3, vraag 7; die *Dordtse Leerreëls*: leerstukke 3 & 4).

Geeneen van die dosente wat gedurende die eerste halfeeu aan die Kweekskool doseer het, het 'n doelbewuste poging aangewend om 'n historiese bewussyn by hul studente aan te kweek nie. 'n Bewys hiervan is die feit dat die Makkabeërhypotese rakende die oorsprong van die boek Daniël eers gedurende die sewentigerjare van die vorige eeu in Suid-Afrika aanvaar is — 'n goeie ses dekades ná dit in Europa aanvaar is (Spangenberg 1999a). 'n Mens kan die Suid-Afrikaanse navorsers nie heeltemal daarvoor verkwalik nie. Suid-Afrika was ver van Europa geleë en dit is hier waar dié soort bewussyn stadig maar seker besig was om veral onder historici pos te vat (vgl. Spangenberg 1994:152–154).

Darwin was wel daarvoor verantwoordelik dat 'n historiese element in die biologiese wetenskap ingedra is. Ernst Mayer slaan die spyker op die kop wanneer hy die volgende oor Darwin se bydrae skryf:

Darwin introduced historicity into science. Evolutionary biology, in contrast with physics and chemistry, is a historical science — the evolutionist attempts to explain events and processes that have already taken place. Laws and experiments are inappropriate techniques for the explication of such events and processes. Instead one constructs a historical narrative, consisting of tentative reconstruction of the particular scenario that led to the events one is trying to explain (Mayer 2000:80).

Julius Wellhausen (1844–1918) het op sy beurt daarvoor gesorg dat 'n historiese oordeel en verstaan deel van Ou-Testamentiese navorsing geword het. Sy historiese bewussyn het hom anders na die data in die Ou Testament laat kyk as van sy voorgangers en tydgenote (Clements 1983:11). Hy het ingesien dat die godsdiens van Israel anders ontwikkel het as wat die Ou-Testamentiese geskrifte — oppervlakkig gelees — te kenne gee (vgl. Houtman 1980:76–80). Hy word daarom nie sonder rede “the Darwin of biblical studies” genoem nie (Cohn-Sherbok 1998:310). Die impak van sy navorsing sou uiteindelik ook in Suid-Afrika 'n uitwerking hê — weliswaar 'n aantal jare nadat dit in Europa en Amerika gevoel is.

C JOHANNES DU PLESSIS (1868–1935)

Een van die persone in Suid-Afrika wat kennis geneem het van Wellhausen se navorsing was Johannes du Plessis. Hy het 'n wye belangstelling gehad en is in 1916 aangestel as professor in Nuwe Testament aan die Kweekskool op Stellenbosch (Hofmeyr 1986:7). Afgesien van sy eie vakgebied het hy ook intens belang gestel in die evolusieleer, die sielkunde en die histories-kritiese navorsing op die terrein van die Ou Testament (Du Plessis 1927). Die insigte wat hy verwerf het, het hy aan predikante, studente en geïnteresseerde lesers via die tydskrif *Het Zoeklicht* meegedeel. Hierdie teologiese tydskrif het in Januarie 1923 vir die eerste keer onder sy redakteurskap die lig gesien.

Sy belangstelling in die evolusieleer blyk nie net uit die redakteursartikel oor die ontdekking van die Taung-skedel nie (Du Plessis 1925), maar ook uit die briefwisseling oor die evolusieleer wat hy in *Het Zoeklicht* toegelaat het (Du Plessis 1930a, 1930b, 1931:47–55). Die artikel oor die Taung-skedel verskyn in dieselfde jaar waarin Raymond Dart (1893–1988) sy artikel daaroor in die tydskrif *Nature* gepubliseer het (Palmer 2007:138). Du Plessis maak twee belangrike opmerkings in sy artikel: (1) die aarde is nie 4004 v.C. geskep nie, en (2) die verskillende plant- en dierespesies wat tans bestaan, is nie in hierdie formaat só deur God geskep nie. In sy eie woorde: “Het is volstrekt onnodig om te veronderstellen dat God elke afzonderlike species juist zò heeft gescha-

pen” (Du Plessis 1925:51). Hierdie twee opmerkings van hom staan duidelik teenoor die sienings wat van sy kollegas en ander tydgenote gedeel het.

Sy uitsprake oor die ouderdom van die skepping, dat God die verskillende spesies nie oorspronklik só geskep het nie, en dat die mens ingebed is in die evolusionêre prosesse, het lesers ontstig. Sy entoesiasme vir die histories-kritiese ondersoek van die Ou Testament het sy kollega wat Ou Testament do-seer het, en verskeie ander lesers, nie gedeel nie. Wat mense egter die harnas ingejaag het, was sy standpunt dat Jesus onkundig was oor sekere feite aangaande die Bybelboeke. ’n Klag van leerdwaling word op 7 Maart 1928 teen hom ingedien (Olivier 2009:18). Alhoewel die klag aanvanklik deur die Ring van Stellenbosch as ongegrond van die hand gewys is, het diegene wat gebelgd gevoel het, nie gaan lê nie. Hul optrede het later tot Du Plessis se ontslag gelei en dit het op sy beurt tot ’n hooggeregshofsaak gelei (*Die Kerksaak* 1932). Hierdie gebeure het die Bybelwetenskaplike navorsing aan die Kweekskool en binne die Ned Geref Kerk erg benadeel (Deist 1976:139; Meiring 1979:81; Deist 1994:140).

Met die wysheid van terugblik, weet ons vandag dat die Du Plessis-saak deel van die paradigmatverandering was wat hom teen die einde van die negentiende eeu binne die Ou-Testamentiese wetenskap voltrek het (Spangenberg 1998:535–536). Hierdie paradigmatverandering hou daarmee verband dat navorsers ’n skerper historiese bewussyn ontwikkel het. Die kennis en insigte wat hulle langs die weg van historiese ondersoek verwerf het, het teenoor die tradisionele kerklike standpunte oor Israel se godsdiens, literatuur en kultuur te staan gekom. Dit is nie altyd goed ontvang nie en tugsake was vele Ou-Testamentici se voorland (Shriver 1997). Binne die Suid-Afrikaanse en spesifiek NG Kerk-konteks moes ’n goeie veertig jaar na die Du Plessis-saak verloop voordat die histories-kritiese ondersoek van die Ou Testament weer herleef het. Ferdinand Deist (1944–1997) het hierin geen geringe rol gespeel nie. In een van sy eerste publikasies waarin hy verduidelik wat histories-kritiese ondersoek behels, skryf hy die volgende: “Ons het met die verloop van eeue ’n heel spesiale geestelike sintuig ontwikkel, ’n sogenaamde ‘historiese bewussyn’” (Deist 1975:1). Hy het ’n jonger geslag Bybelwetenskaplikes gehelp om hierdie soort bewussyn te ontwikkel en dit hul eie te maak, maar ongelukkig het nie alle teologiese studente hierin gedeel nie. Die huidige teologiese debatte onder Afrikaanssprekendes oor die historiese Jesus en sy opstanding, is hiervan ’n goeie voorbeeld (vgl. Jackson 2009; König 2009).

Dit was egter nie net die Ou-Testamentiese wetenskap wat in Suid-Afrika skade gely het na die Du Plessis-saak nie. Die biologiese wetenskap het ook skade gely. Van die NG Kerk professore en predikante het doelbewus die evolusieleer na die Du Plessis-saak bestry en dit uit die skoolkurrikulum geweier (Van den Heever 2009:152, 158–159). Hulle kon dit egter nie uit Suid-Afrikaanse universiteite weer nie. In 1965 publiseer die Stellenbosse filosoof

Johan Degenaar ’n boek met die titel *Evolusie en Christendom*. Daarin skryf hy onder andere die volgende: “’n Ontkenning van evolusie sou ’n ondermyning van die wetenskap en ’n ontkenning van die struktuur van die wêreld wees” (Degenaar 1965:46). ’n Dekade later lewer Kobus Eloff sy intreerede met die titel *Die dilemma van die moderne Christenbioloog* (1975). Hierin stel hy dit onomwonde dat daar spanning bestaan tussen dít wat teoloë uit Genesis 1–3 aflei en dít wat natuurwetenskaplikes in die natuur waarneem: “Deur teoloë is afgelei dat die dood, siekte en afwykings resultate van die sondeval was, maar fossiele met hierdie tipe letsels is ontdek in gesteentes wat baie ouer is as die mens” (Eloff 1975:15). Ietwat meer as ’n dekade later publiseer Pieter Ryke, ’n Potchefstroomse professor in plant- en dierkunde, ’n lywige boek met die titel *Evolusie* (1987) — na my wete die eerste volwaardige Afrikaanse boek oor hierdie onderwerp.

Die besef dat die mens ingebed is in die evolusionêre prosesse, is nog nie algemene kennis in Afrikaanssprekende kringe nie en die evolusieleer word steeds deur heelwat predikante en lidmate as ’n bose en ateïse teorie beskou. Die rede hiervoor hou verband met die feit dat die evolusieteorie ingaan teen die tradisionele leer van ’n sondeval en die siening dat dood God se straf daarop is. Dit bring ongetwyfeld die tradisionele kerklike verlossingsleer in ge-drang (Spangenberg 2007, 2009b).

D DOOIE SEEROLLE (1947–2007)

’n Ontdekking wat geweldig stimulerend ingewerk het op die studie van die Ou Testament was die ontdekking van die Dooie Seerolle (Ulrich 2004). Daar was egter geen kursus aan die Stellenbosse Kweekskool wat hierop gefokus het nie. Wie geïnteresseerd was, moes Semitiese Tale bestudeer.

Die ontdekking van die rolle (1947–1956) en die voortgaande bestude-ring daarvan het eerstens veranderinge in Ou-Testamentici se verstaan van die Tweede Tempeltydperk meegebring. In die woorde van George Brooke (1999:255): “The Dead Sea Scrolls have radically altered the way scholars reconstruct the history of the Second Temple period.” Bybelwetenskaplikes verwys eenvoudig nie meer na ’n “Intertestamentêre tyd” nie, want dit is ’n benaming wat met ’n foutiewe verstaan van die oorsprong van die Bybelboeke verband hou. Maleagi was nie die boek wat die laaste geskryf is nie en God het nie daarna in duisend tale geswyg tot en met die geboorte van Jesus nie. Die laaste Ou-Testamentiese boek wat geskryf is, is die boek Daniël. Dit het gedurende die Makkabeërtyd (167–141 v.C.) tot standgekom en is nie ’n profetiese boek nie, maar ’n apokaliptiese geskrif (Spangenberg 1999a, 1999b; Collins 2001:5–9). Die Tweede Tempeltydperk was ’n produktiewe tydperk waarin Jode steeds oor hul verhouding met die God van hul voorvaders nagedink en geskryf het.

Die Dooie Seerolle het egter ook 'n impak gehad op die studie van die teks van die Ou Testament/Hebreeuse Bybel en die verstaan van Judaïsme en die vroeë Christendom.

Wat die teks van die Ou Testament betref, het die Hebreeuse manuskripte wat in die grotte by Qumran ontdek is duidelik laat blyk dat daar allerlei variasies van die teks in daardie eeu in omloop was. Daar was op daardie stadium nie 'n normatiewe Hebreeuse teks van al die Ou-Testamentiese boeke nie (Ulrich 2004:10–13). Die manuskripte het geleerdes ook verder in die verlede teruggeneem as die manuskripte wat vóór hierdie ontdekking beskikbaar was (Schmid 1975:211–229). Die oudste volledige Hebreeuse kopie van die Ou Testament vóór hierdie ontdekking het uit die Middeleeue gedateer (1008 n.C.). Dit is die *Codex Leningradensis*. Daar is wel twee ouer kodekse, maar hulle bevat nie al die boeke van die Ou Testament nie. Hulle is *Codex Aleppo* (925) en *Codex Cairensis* (895). Ferdinand Deist het een en ander hieroor in sy publikasie *Witnesses to the Old Testament* (1988:62–67) geskryf en studente se belangstelling in die studie van die teks van die Ou Testament probeer aanwakker.

Danksy hierdie ontdekking het die kulturele wêreld waarin Jesus en sy volgelinge geleef en die sienings wat hulle gedeel het, ook duideliker profiel gekry. In die woorde van James Dunn (2005:62):

More than anything else the scrolls have broken open the idea of a monolithic, monochrome Judaism, particularly as set over against the distinctiveness of newly emerging Christianity. It has now become possible to envisage Jesus, as also “the sect of the Nazarenes,” within the diversity of late Second Temple Judaism in a way that was hardly thinkable before.

Die Christelike godsdiens, so weet ons vandag, het eers regtig begin wortel skiet ná die verwoesting van Jerusalem en die tempel in 70 n.C. (Trocmé 1997:vii). Die Romeinse inname van Jerusalem en die vernietiging van die tempel was vir alle Jode dwarsoor die destydse wêreld 'n traumatiese gebeurtenis. Vir 'n tweede keer in hul geskiedenis is die allerheiligste plek wat hulle geken het, verwoes. Dit het vrae oor *Jahwe* se mag en oor sy verbond met sy volk wakker geroep. Uit die smeltkroes van die gebeure en die geloofsvrae het mettertyd twee godsdienstige tradisies as twee “antwoorde” op die gebeure ontwikkel: (1) Rabbynse Judaïsme, en (2) Vroeë Christendom. Hierdie tradisies het nie oornag ontstaan nie, maar gegroei uit strominge wat in die *Vroeë Judaïsme* bestaan het (Trocmé 1997:1–5).

Die studie van die Dooie Seerolle het Ou-Testamentici daartoe gebring om nuut na Israel se godsdiens te kyk. Die terme “laat Judaïsme” of “laat Jodendom” is verruil vir 'n korrekter benaming, naamlik *Vroeë Judaïsme* (Den Heyer 2000:124; Boccaccini 2002:9). Die besnydenis, die dieetvoorskrifte, die onder-

houding van die Sabbat en die aanbidding van slegs één God het die belangrikste fokuspunte sedert die ballingskap geword. Dit het die Joodse godsdiens 'n ander "kleur" as voorheen gegee en daarom verwys geleerdes hierna as *Vroeë Judaïsme*. Hierdie godsdiens het mettertyd ook variasies of strominge begin vertoon. Daar was nie net één normatiewe *Vroeë Judaïsme* met verskillende "sektariese" bewegings nie. Gabriele Boccaccini (2002:xii–xvii) is van mening dat daar aanvanklik drie duidelike strominge of tradisies in Palestina bestaan het: (1) Sadokitiese Judaïsme, (2) Henogitiese Judaïsme, en (3) Wysgerige Judaïsme. Volgens hom kan ons hierdie strominge in die literatuur wat behoue gebly het, herken. *Sadokitiese Judaïsme* ('n spesifieke priestertradisie) is in die boeke Esegïel, Esra-Nehemia, die Priestergeskrif van die Pentateug en die Kroniekboeke herkenbaar. *Henogitiese Judaïsme* is in dele van die boek Henog, met sy apokaliptiese strekking, herkenbaar. Die boek Henog is later deur die Esseners, die Qumraniete en sommige Christelike groepe as 'n gesaghebbende boek aanvaar. *Wysgerige Judaïsme* is in die boeke Spreuke, Job, Prediker en Jona herkenbaar.

Tydens die Ptolemese (312–200 v.C.) en die Seleukiede periode (200–165 v.C.) het daar verdere veranderinge ingetree en het van die vermelde tradisies mekaar oor en weer beïnvloed. Tydens die Makkabese periode (164–163 v.C.) was daar vier prominente tradisies in die *Vroeë Judaïsme*: (1) die Hellenistiese Judaïsme, (2) die Fariseïsme, (3) die Sadduseïsme en (4) die Essenertradisie. Die *Wysgerige Judaïsme* het in die eerste drie van hierdie tradisies voortgeleef, die *Sadokitiese Judaïsme* het in die Fariseïsme en die Sadduseïsme voortgeleef. Die *Henogitiese Judaïsme* het op sy beurt in die Essenertradisie bly voortgeleef. Die vroeë Christene, so wil dit lyk, is beïnvloed deur die Hellenistiese Judaïsme, die Fariseïsme én die Essenertradisie (Boccaccini 2002).

Daar is heelwat Christene vandag wat lief is om die benaming "Bybelse Christendom" vir die godsdiens wat hulle beoefen, te gebruik. Die term kom veral in Protestantse kringe voor. Klaarblyklik staan 'n Bybel Christendom teenoor 'n nie-Bybelse Christendom en ander nie-Bybelse godsdienste. Wat dié Christene nie in ag neem nie, is dat daar nie só 'n soort Christendom tot onlangs bestaan nie (Carroll 1991:67–77). Hierdie soort Christendom hou verband met die Protestantse Hervorming, die uitvinding van die boekdrukkuns en die opbloeï van fundamentalisme met sy oordrewe klem op die Bybel as die enigste rigsnoer vir die lewe. Wie die Ou Testament histories en intensief bestudeer, ontdek spoedig dat Israel se godsdiens oor tyd heen verander het. Die Israeliete se oortuigings het verskuif van 'n Kanaänitiese panteon na 'n *Jahwe*-panteon met vier vlakke (Smith 2004:86–123). Laasgenoemde het tydens die Babiloniese ballingskap weer ontwikkel in 'n *Jahwe*-panteon met slegs twee vlakke. Israel se godsdiens het dus gegroei van politeïsme na monoteïsme en nie andersom nie. Binne die *Vroeë Judaïsme* van die Tweede Tempeltydperk — so betoog verskeie geleerdes — was daar verskeie strominge en oortuigings

en uit hierdie stromings en oortuigings het die *Rabbynse Judaïsme* en die *Vroeë Christendom* ontwikkel (vgl. Spangenberg 2009a).

Die studie van die Dooie Seerolle en die Tweede Tempeltydperk het aan die lig gebring dat die Ou en Nuwe Testament nie die verhaal van één godsdiens vertel nie, maar na regte van drie godsdienste: (1) Jahwisme, (2) Vroeë Judaïsme en (3) Vroeë Christendom. Daar was ook nie 'n eenvormige Messiaanse verwagting onder die verskillende groepe in *Vroeë Judaïsme* soos sommige wil te kenne gee nie. Die groep Esseners wat by Qumran gewoon het, het byvoorbeeld twee messiasse verwag (Puech 2000).

Die navorsing rondom die Dooie Seerolle het binne die Suid-Afrikaanse teologiese navorsingsterrein nog weinig rimpelings veroorsaak. Sistematiese teoloë en dogmatici sit hul navorsing voort sonder om aan hierdie ontdekking aandag te gee. Die idee dat die Christelike godsdiens die Judaïsme vervang het en dat die Judaïsme 'n wettiese godsdiens is, is nog springlewendig onder vele Suid-Afrikaanse Christene. Neem die uitspraak van Willie Jonker, die Stellenbosse dogmatikus, as voorbeeld (1989:33):

Die meeste mense het maar die idee dat 'n mens moet probeer om so goed moontlik te lewe as jy enige hoop wil hê om in die hemel te kom. 'n Bietjie meer Bybels uitgedruk: hulle dink dat 'n mens gered word deurdat jy die Wet van God gehoorsaam. Alle heidense godsdienste redeneer so. Omdat ons almal se harte van nature heidens is, redeneer ons ook dikwels so. Selfs Israel het so geredeneer.

Natuurlik was Jonker 'n kind van sy tyd en is hy beïnvloed deur die teologie van Karl Barth, G. C. Berkouwer en die Nuwe-Testamentikus Herman Ridderbos (vgl. Jonker 1998:20–23, 106–107), maar op daardie stadium was die Nuwe-Testamentikus Krister Stendahl (1963) se navorsing reeds byna drie dekades lank bekend. Jonker se uitspraak getuig van 'n konserwatiewe teologiese denkraamwerk wat binne die nuwe demokratiese Suid-Afrika uitgedaag sou word.

E DEMOKRASIE IN SUID-AFRIKA (1994–2009)

Die totstandkoming van 'n volwaardige demokratiese staat in Suid-Afrika gedurende 1994 het 'n nuwe en uitdagende tydvak vir teologiese studies aan universiteite ingelei. Vrae soos die volgende het na vore getree: As godsdienste kulturele produkte is, mag 'n demokratiese staat aan een godsdiens voorrang bo 'n ander verleen? Behoort alle godsdienste nie op dieselfde vlak hanteer te word nie? Tydens die inhuldiging van Nelson Mandela op 9 Mei 1994 het die nuwe regering aangetoon dat hulle van voorneme was om nie meer een godsdiens bo 'n ander te stel nie. Leiers van die mees prominente godsdienste in Suid-Afrika het gevolglik aan die inhuldiging deelgeneem. Geeneen is sondermeer uitgesluit nie.

Voor die bewindsverandering was daar vir meer as 'n dekade 'n ernstige debat in Protestantse kringe oor die gebruik van die Bybel in die regverdiging van die apartheidsbeleid (vgl. Bax 1979; Deist 1982, 1986; Loubser 1987). Hierdie debat het saamgeval met 'n internasionale besinning oor die gesag van die Bybel. In hierdie debat het die Skotse Ou-Testamentikus en filoloog, James Barr (1924–2006), 'n prominente plek beklee. Sy publikasies (Barr 1973, 1977, 1984) het duidelik 'n invloed uitgeoefen op gesprekke wat hier gevoer is. Afrikaanssprekende Bybelwetenskaplikes soos Willem Vorster (1977), Jimmie Loader (1979) en Ferdinand Deist (1982, 1986) het van sy insigte vrugbaar gebruik in die Suid-Afrikaanse debatte (Spangenberg 1998).

Na die bewindsoorname het die gesprekke oor die gesag van die Bybel nie getaan nie. Die nuwe bestel het heelwat nuwe vrae na vore geroep. Die vraag na die Christelike godsdiens se verhouding tot ander godsdienste is reeds genoem. Gereformeerde Christene het dikwels teruggeval op tekste soos Johannes 14:6 (“Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur my nie”) om die saak te besleg. Enkele Bybelwetenskaplikes het egter daarop gewys dat hierdie teks nie só uitgelê kan word nie. Die teks weerspieël iets van die spanning wat teen die einde van die eerste eeu ontstaan het tussen vroeë Christelike groepe en Jode wat deel was van die ontlui-kende Rabbynse Judaïsme. Johannes 14:6 kan nie uit daardie konteks geneem en as 'n algemene stelreël gebruik word om ander godsdienste mee te beoordeel of om meerwaarde aan die Christelike godsdiens toe te sê nie. Wesley Ari-arajah (1993) en Reinholdt Bernhardt (1995) het dit duidelik aangetoon en enkele Suid-Afrikaanse Ou-Testamentici het hul insigte benut om die gesprek oor ander godsdienste te stimuleer (Spangenberg 1996).

Die nuwe regering se poging om vroue as gelykwaardig aan mans te behandel en hul pogings om meer vroue in hoër posisies in die regering en die staatsbestuur aan te stel, het ook tot teologiese besinnings gelei. Kerke moes hulleself rekenskap gee oor waarom hulle nie vroue in regeerampte in kerke aanstel nie. Die gesag van die Bybel het weer ter sprake gekom — ook toe die regering huwelike tussen mense van dieselfde geslag gewettig het. Die debat oor mense met 'n homoseksuele oriëntasie is nog glad nie afgehandel nie. Terwyl die meerderheid predikante en lidmate hulle op Bybeltekste beroep het, was dit weereens Bybelwetenskaplikes wat op inkonsekwentheid in hierdie beroep gewys en die etiek wat ten grondslag lê aan hierdie vorm van Bybellees, bevraagteken het (Snyman 2007).

'n Laaste saak wat die nuwe demokratiese bestel na vore geroep het, is omgewingskwessies. 'n Gesonde leef- en werkomgewing, skoon drinkwater en sanitasie vir alle burgers van die land het belangrik geword. 'n Groen-teologie is wel besig om wortel te skiet, maar dit het duidelik geword dat die Augustini-aanse paradigma van sondeval-verlossing-eindoordeel nie as basis vir dié soort teologie kan dien nie. In die woorde van Nigel Leaves (2006:81):

The “greening” of Christianity [...] stands in marked contrast, and indeed direct contradiction, to much of the historic teaching of the churches. In stead of being lords of the universe and the pinnacle of creation, we must view ourselves as part of an interconnected web of existence. The responsibility for the future of the planet rests with us. We cannot look to another world and another life beyond this one, but must commit ourselves to an ecological imperative that will benefit succeeding generations.

F 'N TOEKOMSBLIK: WAT HOU DIE VOLGENDE 50 JAAR IN?

Uit die voorafgaande bespreking behoort dit duidelik te wees waarom ek reken dat Darwin, Du Plessis, die Dooie Seerolle en Demokrasie vier stroomversnellings in die studie van die teologie en spesifiek die Ou Testament in Suid-Afrika verteenwoordig. Dit behoort ook duidelik te wees waarom ek hulle as belangrik ag. Die nuwe geslag Ou-Testamentiese navorsers sal goed doen deur hierdie stroomversnellings nie maar net as gepasseerde versnellings te beskou nie, maar kennis te neem van die gebeure wat daar rondom plaasgevind het. Die navorsing wat daaruit voortgespruit het, het die koers van Ou-Testamentiese navorsing verander en die teologie voor vrae gestel wat nou nog nie afdoende beantwoord is nie.

Vra ons wat die volgende 50 jaar gaan bring, is my voorspelling dat Ou-Testamentici steeds met Darwin en die evolusieleer gaan stoei; dat die historiese vrae rakende Israel se oorsprong en godsdiens nog skerper geformuleer gaan word, en dat die ekologiese krisis waarvoor ons te staan gekom het al ons aandag gaan vra. Ou-Testamentici sal aan hierdie saak aandag móét gee.

Die Ou-Testamentikus wat na my wete die trillings van die nuwe era die beste geregistreer het, is Erhard Gerstenberger. Dit sal die jonger geslag Ou-Testamentici in Suid-Afrika loon indien hulle kennis neem van sy navorsing en teologie en sy wyse woorde ter harte neem: “If we want to preserve civilization on this planet, we shall have to change the way we think about God” (Gerstenberger 2002:321).

BIBLIOGRAFIE

- Ariarajah, W. *The Bible and People of Other Faiths*. Geneva: World Council of Churches, 1993.
- Ayala, F. J. *Darwin and Intelligent Design*. Facets. Minneapolis: Fortress, 2006.
- Barr, J. *The Bible in the Modern World*. London: SCM, 1973.
- Barr, J. *Fundamentalism*. London: SCM, 1977.
- Barr, J. *Escaping from Fundamentalism*. London: SCM, 1984.
- Bax, D. S. *A Different Gospel: A Critique of the Theology Behind Apartheid*. Johannesburg: The Presbyterian Church of southern Africa, [1979].
- Bernhardt, R. *Christianity without Absolutes*. London: SCM, 1995.
- Boccaccini, G. *Roots of Rabbinic Judaism: An Intellectual History, from Ezekiel to Daniel*. Grand Rapids: Eerdmans, 2002.

- Bowler, P. J. *Monkey trials and gorilla sermons: Evolution and Christianity from Darwin to Intelligent Design*. Cambridge: Harvard University Press, 2007.
- Brooke, G. J. s.v. "Dead Sea Scrolls." *Dictionary of Biblical Interpretation*. Edited Hayes, J. H. Nashville: Abingdon, 1999.
- Bryson, B. *A Short History of Nearly Everything (Illustrated)*. London: Doubleday, 2005.
- Carroll, R. P. *Wolf in the sheepfold: The Bible as a problem for Christianity*. London: SPCK, 1991.
- Clements, R. E. *A Century of Old Testament Study*. Guildford: Lutterworth, 1983.
- Cohn-Sherbok, L. *Who's Who in Christianity*. London: Routledge, 1998.
- Collins, J. J. "Current issues in the Study of Daniel." Pages 1–15 in *The Book of Daniel: Composition and Reception, Volume 1*. Supplements to Vetus Testamentum 83. Edited by J. J. Collins P. & Flint. Leiden: Brill, 2001.
- Darwin, C. *The Origin of Species by Means of Natural Selection, or the Preservation of Favoured Races in the Struggle for Life*. Sixth edition, with additions and corrections. London: John Murray, 1894.
- Darwin, C. *The Origin of Species by Means of Natural Selection, or the Preservation of Favoured Races in the Struggle for Life & The Descent of Man and Selection in Relation to Sex*. Book 49 in the series *Great Books of the Western World*. Chicago: William Benton, 1952.
- Degenaar, J. J. *Evolusie en die Christendom: 'n Opstel oor Teilhard de Chardin*. Kaapstad: Simondium-uitgewers, 1965.
- Deist, F. E. *Die Noodlottige Band: Die verhouding tussen Kerk en Staat in Oud-Israel*. Kaapstad: Tafelberg, 1975.
- _____. *Mosaïek van Moses: Pentateug-navorsing sedert die Reformasie*. Kaapstad: Tafelberg, 1976.
- _____. *Sê God so? Protes en pleidooi — oor óns tyd, vir óns land*. Kaapstad: Tafelberg, 1982.
- _____. *Kan ons die Bybel dan nog glo? Onderweg na 'n Gereformeerde Skrifbeskouing*. Pretoria: J.L. van Schaik, 1986.
- _____. *Witnesses to the Old Testament*. The literature of the Old Testament, volume 5. Pretoria: NG Kerkboekhandel, 1988.
- _____. *Ervaring, Rede en Metode in Skrifuitleg: 'n Wetenskaps-historiese ondersoek na Skrifuitleg in die Ned. Geref. Kerk 1840–1990*. Pretoria: RGN, 1994.
- Den Heyer, C. J. *Ruim geloven: Een theologisch zelfportret*. Zoetermeer: Meinema, 2000.
- Die Kerksaak tussen Prof. J. du Plessis en die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1932.
- Dunn, J. D. G. *A New Perspective on Jesus: What the Quest for the Historical Jesus Missed*. Grand Rapids: Baker Academic, 2005.
- Du Plessis, J. "De betekenis van de Taungs schedel." *Het Zoeklicht* 3 (1925): 46–52.
- _____. "Theologie en Wetenskap." *Het Zoeklicht* 5 (1927): 357–368.
- _____. "Oor die ewolusiekwessie." *Het Zoeklicht* 8 (1930a): 163.
- _____. "Besware teen ewolusie." *Het Zoeklicht* 8 (1930b): 256–262.
- _____. "Korrespondensie: Briewe aan die redakteur." *Het Zoeklicht* 9 (1931): 47–55.

- Eloff, J. N. *Die dilemma van die moderne Christenbioloog*. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1975.
- Gerstenberger, E. S. *Theologies in the Old Testament*. London: Continuum, 2002.
- Gilmore A. s.v. "Authorized Version, 1611." *A Dictionary of the English Bible and its Origins*. Biblical Seminar 67. Sheffield: Sheffield Academic Press, 2000.
- Hofmeyr, J. W. "Johannes du Plessis in kerkhistoriese perspektief: Ketter of profet?" *ThEv (SA)* 19 (1986): 4–14.
- Houtman, C. *Inleiding in de Pentateuch*. Kampen: Kok, 1980.
- Jackson, N. "Net verskillende manier van glo." Bladsy 13 in *Beeld* 7 Oktober, 2009.
- Jonker, W. D. "Vry van die wet, Romeine 7:5–25." Bladsye 33–39 in *Vreemde bevryding*. Redakteurs Jonker, W. & Theron, F. Kaapstad: LuxVerbi, 1989.
- Jonker, W. D. *Selfs die kerk kan verander*. Kaapstad: Tafelberg, 1998.
- König, A. "Jesus se leë graf is die toetssteen." Bladsy 15 in *Beeld* 9 Oktober, 2009.
- Leaves, N. *The God Problem: Alternatives to Fundamentalism*. Santa Rosa: Polebridge, 2006.
- Loader, J. A. "The use of the Bible in conventional South African Theology." Pages 1–24 in *Scripture and the use of Scripture*. Miscellanea Congregalia 9. Edited by W. S. Vorster. Pretoria: Unisa, 1979.
- Lockwood, C. *The Human Story: Where we come from and how we evolved*. London: Natural History Museum, 2007.
- Loubser, J. A. *The Apartheid Bible: A Critical Review of Racial Theology in South Africa*. Cape Town: Maskew Miller Longman, 1987.
- Mayr, E. "Darwin's Influence on Modern Thought." Pages 79–83 in *Scientific American*, July 2000.
- Meiring, P. G. J. "'No Regrets' — 'n Vraaggesprek met Professor Ben Marais oor Hoogtepunte en Laagtepunte in sy Lewe." Bladsye 78–91 in *Ekumene onder die Suidkruis*. Redakteur A. C. Viljoen. Pretoria: Unisa, 1979.
- Noll, M. A. *Between Faith and Criticism: Evangelicals, Scholarship, and the Bible*. Leicester: Apollos, 1991.
- Olivier, A. R. "Die Jare van die Leerstryd." Bladsye 15–21 in *Teologie Stellenbosch 150+: Die verhaal van teologiese opleiding op Stellenbosch — die mense en die geboue*. Eindredakteur P. Coertzen. Wellington: Bybel-Media, 2009.
- Palmer, D. *The Origins of Man*. London: New Holland, 2007.
- Primavesi, A. *Sacred Gaia: Holistic theology and earth system science*. London: Routledge, 2000.
- Puech, E. s.v. "Messiahs." *Encyclopedia of the Dead Sea Scrolls*, 2000.
- Rogerson, J. W. *Old Testament Criticism in the Nineteenth Century: England and Germany*. London: SPCK, 1984.
- Ryke, P. A. J. *Evolusie*. Wetenskaplike bydraes C6. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir CHO, 1987.
- Schmid, H. H. *Die Steine und das Wort: Fug und Unfug biblischer Archäologie*. Zürich: Theologischer Verlag, 1975.
- Scholder, K. *The Birth of Modern Critical Theology: Origins and Problems of Biblical Criticism in the Seventeenth Century*. London: SCM, 1990.
- Shriver, G. H. *Dictionary of heresy trials in American Christianity*. Westport: Greenwood Press, 1997.
- Smith, M. S. *The Memoirs of God: History, Memory and the Experience of the Divine in Ancient Israel*. Minneapolis: Fortress, 2004.

- Snyman, G. F. *Om die Bybel Anders te Lees: 'n Eتيك van Bybellees*. Pretoria: Griffel Media, 2007.
- Spangenberg, I. J. J. "Paradigmaveranderinge in die Bybelwetenskappe: 'n Bydrae tot die gesprek tussen die Bybelwetenskappe en Sistematiese Teologie." *Religion & Theology* 1 (1994): 144–184.
- _____. "Die Ned Geref Kerk, die boek Jona en religieuse pluralisme." Ongepubliseerde lesing gelewer tydens die OTWSA-kongres op Stellenbosch, 3 September 1996.
- _____. "Op pad na 2000 — oftewel, oor al die dinge wat gebeur het." *Old Testament Essays* 11 (1998): 534–566.
- _____. "Die Suid-Afrikaanse navorsingsgeskiedenis van die boek Daniël en die eksegetiese spel." *Old Testament Essays* 12 (1999a): 591–608.
- _____. "Daniël." Bladsye 961–993 in *Die Bybellennium: Eenvolumekommentaar*. Redakteurs W. Vosloo & F. J. Van Rensburg. Vereeniging: CUM, 1999b.
- _____. "Can a major religion change? Reading Genesis 1–3 in the Twenty-First Century." *Verbum et Ecclesia* 28 (2007): 259–279.
- _____. "Yahwism, Judaism and Christianity: religions do evolve!" Pages 119–143 in *The Evolutionary Roots of Religion: Cultivate, Mutate or Eliminate?* Edited by C. W. Du Toit. Pretoria: Unisa, 2009a.
- _____. "The doctrines of original sin and the virgin birth — divine revelation or human construct?" *Verbum et Ecclesia* 30 (2009b): 221–242.
- Stendahl, K. "Apostle Paul and the Introspective Conscience of the West." *Harvard Theological Review* 56 (1963): 199–215.
- Stringer, C. & Andrews, P. *The Complete World of Human Evolution*. London: Thames & Hudson, 2005.
- Trocme, E. *The Childhood of Christianity*. London: SCM, 1997.
- Ulrich, E. "Our sharper focus on the Bible and theology thanks to the Dead Sea Scrolls." *CBQ* 66 (2004): 1–24.
- Van den Heever, J. "Creationism in the colonies: Science, religion and the legacy of apartheid in South Africa." Pages 145–163 in *The Evolutionary Roots of Religion: Cultivate, mutate or eliminate?* South African Science and Religion Forum 13. Edited by C. W. Du Toit. Pretoria: Unisa, 2009.
- Vorster, W. S. *'n Ou Boek in 'n nuwe wêreld — gedagtes rondom die interpretasie van die Nuwe Testament*. Miscellanea 10. Pretoria: Unisa, 1977.
- Weinert, F. *Copernicus, Darwin, & Freud: Revolutions in the History and Philosophy of Science*. Chichester: Wiley-Blackwell, 2009.

Prof. Izak J. J. Spangenberg, Departement Ou Testament en Ou-Nabye Oosterse Studie, Universiteit van Suid-Afrika, Posbus 392, UNISA, 0003. Suid-Afrika. Epos: spangijj@unisa.ac.za.